

Candidate Number <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/>	Candidate Name
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	----------------

JUNIOR SECONDARY CERTIFICATE

AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

1130/1

PAPER 1 Reading and Directed Writing

2 hours

Marks 50

2019

No additional materials are required.

INSTRUCTIONS AND INFORMATION TO CANDIDATES

- Candidates answer on the Question Paper in the spaces provided.
- Write your Candidate Number and Name in the spaces at the top of this page.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.
- Do not write in the margin *For Examiner's Use*.

- Answer **all** questions.

- The number of marks is given in brackets [] at the end of each question or part question.

For Examiner's Use	
Afdeling A	
Afdeling B	
Totaal	

<i>Marker</i>	
<i>Checker</i>	

This document consists of **15** printed pages.



Republic of Namibia

MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE

AFDELING A

Deel 1

Bestudeer die onderstaande leesstuk.

Beantwoord Vrae 1 – 6.

Krag van Spiere

Sonder spiere se hulp, kan jy nie veel doen nie. Party kan jy beheer en ander werk vanself. Ons leer jou hoe jou spiere werk.

Verskillende soorte spiere:

Gladde spiere

Die spiere beweeg op hul eie, sonder dat jy hulle hoef of kan beheer. Hierdie tipe beweging wat jy nie kan beheer nie, noem ons onbewustelike beweging. Jy vind dit in jou liggaam se verteringstelsel, bloedvate, blaas, lugpype en in vroue se baarmoeder. Jou brein en liggaam sê self vir hierdie spiere wat om te doen.

Die grootste spier

Die grootste spier in die liggaam is die gluteus maximus - die spier in jou agterstewe. Hierdie spier sorg dat ons kan regop staan en werk teen die liggaam se swaartekrag om so te verhoed dat jy nie agteroor val wanneer jy 'n stel trappe klim nie. Dié spier is ook die sterkste spier in die liggaam.

Die hart

Jou hart is die hardwerkendste spier in jou liggaam en dit het ook die belangrikste taak – dit pomp die bloed deur jou hele liggaam. Dié spier beweeg sonder dat jy vir hom opdrag gee; dus werk dié lewensnoodsaaklike spier onwillekeurig.

Die kleinste spier

Die kleinste spier in die menslike liggaam word die stapedius genoem en dit is in jou binne-oor geleë. Dis net 'n bietjie langer as 1 mm. Dié klein spiertjie is geheg aan die gehoorbeentjie en hulle werk saam. Hul taak is om jou oor teen harde geluide te beskerm. Die stapedius-spiere verhoed ook dat die klank van jou eie stem en die beweging van jou kakebeen wanneer jy kou, nie so hard in jou ore weerklink nie.

Jou spiere werk op twee maniere:

Bewustelik: Dis die spiere wat jy kan beheer en jy gebruik hulle om te loop. Die spiere kry opdrag van jou brein om te ontspan of saam te trek om die bewegings van die liggaamsdele moontlik te maak.

Onbewustelik: Hierdie spiere werk op hul eie, outomaties sonder dat jy hulle kan beheer. Die hart is 'n voorbeeld van 'n spier wat beweeg sonder dat jy eens daarvan bewus is.

Het jy geweet?

- Wanneer jy glimlag, werk 17 van jou gesigspiere en 43 spiere werk wanneer jy frons.
- Jou tong is die mees buigbare spier en bestaan uit agt spiere. Jou tong hou nooit op beweeg nie en beweeg selfs wanneer jy slaap.

- Die spiere van diere verskil van dié van die menslike liggaam. Kangaroes het goed ontwikkelde agterbeenspiere om hulle beter te help spring: krokodille het baie sterk stert- en kakebeenspiere; terwyl gorillas se armspiere goed ontwikkel en baie sterk is.
- Die mees aktiewe spiere is die spiere in jou oog, daarom raak hulle gouer moeg. As jy vir een uur lees, beweeg jou oogspiere sowat 10 000 keer.

Jou spiere sorg vir die beweging van verskillende liggaamsdele binne en buite jou liggaam. Die bewegings word moontlik gemaak deur spiere wat saamtrek of ontspan.

Jou spiere help jou liggaam om postuur te behou. Spiere help ook om bloed te sirkuleer en vervoer ander voeding- en afvalstowwe deur jou liggaam.

Jy het meer as 600 verskillende spiere in jou liggaam.

(Uit: Kuier, 9 Maart 2016)

Beantwoord Vrae 1 – 6, deur een van die moontlike antwoorde in **Kolom B** te kies wat by die frase in **Kolom A** pas. Skryf slegs die letter (**A – G**) in die oop spasies wat voorsien is. Elke letter kan net **een** keer gebruik word.

Kolom A		Kolom B	
1	Dit is die hardwerkendste spier in jou liggaam.	A	Die tong
2	Hierdie spier sorg dat jy regop kan werk en is ook die sterkste spier in jou liggaam.	B	Gladde spiere
3	Dit is die mees buigbare spier en bestaan uit 8 spiere.	C	Hart
4	Die spiere wat jy kan beheer en gebruik om te loop.	D	Stapedius
5	Jou brein en liggaam sê vir hierdie spiere wat om te doen.	E	Gluteus Maximus
6	Hierdie spier is in jou binne-oor geleë.	F	Skelet spiere
		G	Bewustelike spiere

- 1 [1]
- 2 [1]
- 3 [1]
- 4 [1]
- 5 [1]
- 6 [1]
- [6]

Deel 2

Lees die onderstaande leesstuk noukeurig deur en beantwoord Vrae 7 - 12.

Die Reis van Rys

Baie mense maak staat op rys as hul stapelvoedsel. Maar dit gaan baie prosesse deur – van voor dit geplant word tot wanneer jy eet. Leer meer oor rys se lang pad tot op jou bord.

Rys is een van die belangrikste kommersiële voedselgewasse wat daaglik meer as die helfte van ons planeet se mense voed.

Daar is meer as 10 000 grasspesies en rys is 'n lid van hierdie baie groot familie. Grasse kom wêreldwyd voor in 'n verskeidenheid habitate.

Baie grassoorte is ook primêre landbougewasse vir mense. Behalwe vir rys, sluit ander kosse uit die grassfamilie mielies, koring, sorghum, gort, hawermout en suikerriet in.

Planttyd

Ryssade kan geplant word en tot oestyd groei of dit kan geplant word en later in 'n waterbed oorgeplant word. Die grond moet gelyk wees en die sade dieselfde diepte geplant word. Dit is om te keer dat water gemors word en sodat dit minder moeite is om die gewasse te versorg. Rysvelde benodig verskriklik baie water om suksesvolle oeste te lewer.

Groeityd

Rys groei omtrent 3 – 6 maande (afhangende van omgewingstoestande) tot volwasse plante. Uitspruitsels (are) begin hang en die stingel word geel. Die water word uit die veld gedreineer. Soos die velde droog word, word die korrels ryp en oestyd begin.

Verwerking

Die rys word heeltemal drooggemaak sodat dit lank kan hou. By die verwerkingsaanleg word die rys skoongemaak totdat dit eetbaar is. Dié produk is bruin rys. Om wit rys te maak, word bruin rys gemaal om die buitenste semellae te verwyder. Die maalproses verwyder ook van die vitamien en minerale. Verdere verwerking word dikwels gedoen om voedingstowwe by te voeg.

Soorte rys

- **Rooi rys:** Dis ryk aan yster en sink, terwyl swart en pers rys veral hoog in proteïene, vet en vesel is. Rooi, swart en pers rys kry hul kleur van spesiale pigmente wat baie gesondheidsvoordele het soos om as anti-oksidant te dien.
- **Wit langkorrelrys:** Rou, wit langkorrelrys is 'n goeie bron van energie, in vergelyking met mielies, koring en aartappels. Dit bevat geen vitamien C, vitamien A of betakaroteen nie en is veral laag in vesel.
- **Bruin rys:** Dit bevat baie vitamien, minerale en vesel aangesien dit nie verwerk is om die semellaag te verwyder nie.

Het jy geweet?

- 90% van die wêreld se rys word in Asië geoes en verbruik.
- China is die wêreld se grootste rysprodusent, gevolg deur Indië en Indonesië.
- Rys is 'n simbool van vrugbaarheid in sekere lande en daarom word dit as confetti by troues gegooi.

(Uit: (Kurier 25 Julie 2018)

Beantwoord Vrae 7 - 12 deur slegs 'n regmerk (✓) in die blokkie langs die korrekte antwoord te maak.

7 Vir baie mense is dit 'n stapelvoedsel.

A bredie

B grasspesies

C poeding

D rys

[1]

8 Hierdie is ook deel van die grasfamilie van rys.

A boontjies

B ertjies

C koring

D lensies

[1]

9 Om suksesvolle oeste te lewer, is baie broodnodig.

A bemesting

B lug

C suurstof

D water

[1]

10 Die kleur van die volwasse stingel is

A blou.

B geel.

C pers.

D wit.

[1]

11 Dit is 'n goeie bron van energie.

A bruin rys

B rooi rys

C wit langkorrelrys

D wit rys

[1]

12 Die wêreld se grootste rysprodusent is

A China.

B Indië.

C Indonesië.

D Maleisië.

[1]

[6]

Deel 3

Bestudeer die onderstaande leesstuk en beantwoord Vrae 13 – 20.

Is jy allergies vir jou werksplek?

In 'n onlangse studie deur Pharma Dynamics is bevind dat tot 3,6 miljoen Suid-Afrikaanse kantoorwerkers toenemend allergiese simptome by die werk ervaar. Altesaam 1 300 respondente is landwyd by die studie betrek. Hiervan het 'n kwart aangedui dat hul allergieë vererger as hulle by die werk is en die helfte moes altyd by die werk afvat omdat hul allergieë te erg geword het.

Wilmi Hudsonberg, segs persoon vir Pharma Dynamics sê swak ventilasie en vuil geboue is hoofsaaklik vir die verhoogde voorkoms van allergieë verantwoordelik.

Daar is al verskeie studies gedoen oor die “siekgebou-sindroom” wat aan onbehoorlike klimaatbeheer en chemiese blootstelling toegeskryf word. Die allergiesimptome by die werk wat die meeste voorkom, sluit in: toe neus (62%), hoofpyn (61%), loopneus (54%), onverklaarbare moegheid (54%), jeukerige of waterige oë (52%), 'n droeë keel (37%) en asemhalingsprobleme (16%).

“Die hantering van allergieë raak nog moeiliker as die kantoorruimte gedeel word en jy self min beheer het. Omdat die meeste van ons agt uur of langer by die kantoor deurbring, is dit belangrik om te weet waar die allergieë oral hul oorsprong het.”

Volgens Wilmi stel die drukker en fotostaatmasjien dampe vry wat skadelik vir jou gesondheid is. Omtrent die helfte van die respondente wat in die studie ondervra is, sit minder as 'n meter van 'n drukker af en 33% sit naby 'n fotostaatmasjien.

'n Verstommende 77% sê hul kantoor is nie goed belug nie. Vars lug is noodsaaklik vir die gesondheid van kantoorwerkers, maak dus vensters oop (as dit nie gevaarlik is nie) of laat vars lug deur luggate of lugreëling, wat spesifiek vir allergieë bedoel is, die kantoor binnekom. Meer as die helfte van die respondente het gesê hulle het wel lugreëling, maar dis belangrik om daarop te let dat die lugreëling allergiesbestand is en dat dit gereeld gediens en skoongemaak word, anders sal dit bloot die lug besoedel.

“Net so gevaarlik en nadelig vir allergieë is stofmyte,” sê Wilmi. “Dit floreer op matte, blindings, gordyne en ander sagte meublement. Boeke kan ook stofmyte versamel. Sowat 55% van respondente het gesê dat hul kantore matte het en dat hulle oop boekrakke het.”

Die ideale kantoorvloer is solied, soos hardhout, linoleum of teëls, omdat dit maklik skoonmaak en nie allergene vasvang nie. Sy beveel aan dat kantoorplante tot die minimum beperk word omdat muf op die grond kan vorm. Nogtans het 33% van respondente plante in hul kantoor.

Selvs kollegas kan 'n allergiese reaksie ontketen, sê Wilmi. In die hedendaagse oopplankantore is ons aan kollegas blootgestel wat troeteldiere tuis het of in plekke bly waar die stuifmeeltelling hoog is. Dit kan aan klere vassit en 'n allergiese reaksie by hul buurman in die kantoor veroorsaak. Sekere parfums en lugverfrissers kan ook 'n reaksie veroorsaak. Die opname toon 54% van kantoorwerkers sit naby 'n kollega, wat die kans vir 'n allergiese aanval verhoog.

Hierdie kantoorallergiesnellers kan ernstige reperiessies hê, veral vir dié wat tot rhinitis en asma geneig is. 'n Gebrek aan vars lug, klotter op lessenaars, stowwerige oppervlaktes en matte wat nie gereeld gestofsuig word nie, lei alles tot 'n ongesonde kantooropset. Volgens

die opname word net 'n derde van kantore daaglik skoongemaak. Van die mense wat ondervra is, ly 59% aan rhinitis, 28% het 'n reaksie op stofmyte, 21% het kosallergieë, 18% lei aan ekseem en 19% het asma.

(Uit: Vrouekeur 24 Julie 2015)

Beantwoord Vrae **13 – 20** deur die antwoorde in te skryf in die spasies wat daarvoor voorsien is. Volsinne is nie nodig nie.

13 Hoeveel mense is onlangs by 'n landswye studie deur Pharma Dynamics betrek?

..... [1]

14 Noem **twee** dinge wat verantwoordelik is vir die verhoogde voorkoms van allergieë.

(a)

(b) [2]

15 Hoekom is dit belangrik dat werkers moet weet waar allergieë hul oorsprong het?

..... [1]

16 Waarom is dit belangrik om die lugreëling gereeld te laat diens?

..... [1]

17 Hoe moet 'n ideale kantoorvloer lyk?

..... [1]

18 Noem **twee** dinge wat tot 'n ongesonde kantooropset lei.

(a)

(b) [2]

[8]

Deel 4 (Taal)

Lees die onderstaande artikel noukeurig deur en beantwoord die taalvrae wat volg.

Hier word iets uit niks gemaak.

- 1 Jacqui is doodgelukkig wanneer sy iets uit niks kan skep.
- 2 Die rou opwinding om iets te kan skep waar daar voorheen niks was nie, bring ná jare in die bedryf vir hierdie kunstenaar pure genot.
- 3 Jacqui Jansen van Vuuren, is 'n mode ontwerper en keramiek maker. Haar twee passies komplementeer mekaar so goed, al gaan dit nie hand-aan-hand nie. “Modes is baie meer dramaties. Dis *hoity toity*. 'n Bietjie *snobbish* as jy wil,” vertel sy. Aan die anderkant van haar skeppers-spektrum is die keramiek. “Dis baie meer **eenvoudig**. Glad nie so dramaties nie. Dit is vir my lekker om dit te kan afwissel.”
- 4 In haar ateljee in Windhoek, drink ons twee koffie op die stoep en soek 'n sonkolletjie. “Ek skep iets uit niks nie. Uit lap en uit modder. Jy manipuleer iets en vorm iets heeltemal anders. **Na 27 jaar raak ek steeds kinderlik opgewonde daarvoor.**”
- 5 Vir Jacqui gaan dit ook nie om iets te kan skep nie. Wat sy maak is ook prakties en bruikbaar. “Ek maak nie iets vir dit om net daar te staan nie.
- 6 **“Ek kan dit aantrek. Ek kan my vrugte in my keramiekbakke uitpak.** Dit wat ek skep, kan ek en almal om my gebruik.”
- 7 Vir haar is almal gebore om iets te doen. “Jy gaan nie weet wat dit is voor jy nie daaraan blootgestel word nie.” sê sy. Maar dit gebeur nie net oornag nie. “Jy moet hard werk vir dit wat jy wil hê in die lewe. Om selfonderhoudend te kan wees gebeur nie net sommer nie.”
- 8 Hoewel sy passie uit beide velde put, wil sy nie meer op die keramiek fokus nie. Sy het keramiek-klasse begin aanbied en voor sy haar oë kon uitvee, was die klasse propvol **opgewonde jongmense** wat nie kon wag om met hul skeppingswerk te begin nie. “Ek raak opgewonde vir die produkte wat hulle maak,” lag sy.
- 9 **Jacqui word deur alles om haar geïnspireer.** “Ek kyk nie na die landskap en vra haar hoe gaan jy my inspireer nie,” vertel sy. “Ek sal inneem wat ek sien en weke, maande daarna sal ek iets maak en dink, dit laat my so aan daardie iets dink.”
- 10 Sy geniet dit **om te bak en te brou** en het ook haar eie groentetuin. “Mens moet stokperdjies hê. Daarsonder kan ons nie groei nie.”

(Uit: Windhoek Express, June 2018)

19 Verbind die volgende twee sinne met die voegwoord, want. (par. 1)

Dit is vir my lekker opwindend op iets te skep. Dit bring vir my pure genot.

.....
.....

[1]

20 Gee die intensiewe vorm van: **eenvoudig**. (par. 3)

.....

[1]

21 Skryf die onderstaande sin in die verlede tyd. (par. 4)

Na 27 jaar raak ek steeds kinderlik opgewonde daaroor.

.....

[1]

22 Skryf die onderstaande sin in die lydende vorm. (par.6)

Ek kan dit aantrek.

.....

[1]

23 Skryf die onderstaande sin in die indirekte rede. (par.6)

Jacqui sê: "Ek kan my vrugte in my keramiekbakke uitpak."

.....

[1]

24 Gee die trappe van vergelyking van **opgewonde**. (par.8)

.....

[1]

25 Gee die antoniem van **jongmense**. (par.8)

.....

[1]

26 Skryf die onderstaande sin in die ontkenende vorm. (par.9)

Jacqui word deur alles om haar geïnspireer.

.....

.....

[2]

27 Gee die betekenis van die onderstaande idiomatiese uitdrukking. (par.10)

"om te bak en te brou"

.....

[1]

[10]

AFDELING B

Deel 1

28 Lees die onderstaande inligting noukeurig deur en voer die opdrag uit.

Julle klas hou 'n kunswedstryd en jy is verantwoordelik om die verf te bestel.

Gebruik die volgende inligting om die inskrywingsvorm in te vul:

Jou naam is Paulus Andreas Nikodemus, 'n Graad 10 leerling by Omaruru Sekondêre Skool. Die skooladres is Malvastraat 102, Omaruru. Jy kan geskakel word op die skool se landlyn 064 56103 en die e-pos adres is omasek@gmail.com. Julle klas benodig 2 potjies swart en 3 potjies rooi verf om julle projek te voltooi.

BESTELVORM	
Titel:	
Voorletters:	Van:
Afleveringsadres:	
.....	
Telefoonnommer:	E-pos:
Bestelling:	
Aantal	Kleur
Handtekening:	
Datum:	

[10÷2 = 5]

Deel 2

- 29** Lees die onderstaande artikel noukeurig deur. Gebruik die inligting uit die artikel en skryf 'n **opsomming** (paragraafvorm) van nie meer as **100** woorde nie oor hoe om 'n krisis te hanteer.

Hulp om 'n krisis te hanteer

'n Noodgeval is 'n ding wat jou uit die bloute tref. Soms is dit gou verby. Partykeer hou dit langer aan. Wees gereed as 'n ramp jou tref.

Moenie die probleem probeer vermy nie. Jy moet besef jy beleef 'n krisis. Dan kan jy die probleme identifiseer en planne maak hoe om dit te hanteer. Dit is soms 'n moeilike stap omdat 'n mens die erns en dringendheid van die situasie oorweldigend vind. Of jy is geneig om eksterne faktore soos ander mense of omstandighede die skuld te gee. As jy nie verstaan wat die probleem is nie, weet jy nie presies waarmee jy te doen het nie.

Vra hulp by mense om jou. Voel dit vir jou of die wêreld se laste op jou skouers rus en jy is nie seker of jy dit kan dra nie? En of alles binnekort inmekaar gaan stort? As jy in 'n krisissituasie is, voel dit of jy die hele gewig daarvan dra. Jy probeer die probleem in jou kop uitwerk. Jy onttrek jou en wonder en bespiegel – soveel so dat ander begin wonder wat met jou aangaan. Dit is 'n natuurlike ding om te doen, want ons is almal bang vir mislukking. 'n Krisis onderstreep die negatiewe en laat ons twyfel oor ons eie waarde, daarom is dit belangrik om by ander aan te klopf vir hulp.

Kyk waar die probleem begin het. As 'n krisis nog in sy kinderskoene is, kan 'n mens maklik die eerste simptome daarvan as die regte probleem aansien. Jy wil dan gou die simptome behandel en dit verby kry. Maar dit is gewoonlik ingewikkelder. Daar is heel waarskynlik dieperliggende oorsake. As jy die oppervlakkige simptome gaan regmaak en nie die dieper wortel van die probleem nie, gaan dit vererger en tien teen een weer gebeur.

Weet dit gaan tyd vat en moeilik wees. 'n Mens wil graag hê dat 'n krisis gou moet oorgaan sodat dinge weer na normaal kan terugkeer, maar wees geduldig en probeer kalm bly in die situasie. Dit is ergter klaar bykans onmoontlik om te weet wanneer 'n krisis jou gaan tref, en dis nog moeiliker om te bepaal wanneer dit verby gaan wees. Jy wil liever jou oë toekny en hoop dis net 'n kwessie van tyd, dan is die ergste verby.

Leer om die goed te sien en verander. Jy sal dit dalk nie glo nie, maar 'n krisis het wel voordele. Baie keer is 'n krisis 'n leerskool sodat dinge in jou lewe kan verander. Dit kan 'n geleentheid vir verandering in jou lewe wees. As alles in jou lewe goed gaan en jou paadjie loop reguit, kan jy nogal stagneer. Jy kom dalk nie agter dat sommige van jou gewoontes nadelig vir jou kan wees nie. As 'n groot krisis jou tref, kom jy gou agter dat jy sekere dinge in jou lewe moet verander. Partykeer is 'n drastiese verandering nodig om jou weer op die regte pad te bring of jou 'n hupstoot te gee.

Kry beheer oor jouself, almal kyk vir jou. Jy leef nie in isolasie nie. Jy het gedurig kontak met ander om jou – jou gesin, familie, vriende en kollegas. As jy 'n krisis beleef, is jy in die kollig, reg op die voorblad. Ander mense hou jou fyn dop, sommige met belangstelling en deernis, en ander uit blote nuuskierigheid. Daar is seker ook 'n paar wie se tone van lekkerkry krul. Almal is maar lief vir sensasie, en wat is dan nou beter as om toe te kyk as iemand 'n krisis beleef! Moenie dat ander mense wat nie saak

maak nie, se opinies jou van stryk bring nie.

Fokus op dit wat jy graag wil bereik. Dit klink dalk snaaks, maar beskou 'n krisis as 'n geskenk, 'n geleentheid vir groei om jousef te vorm of te verander. So, maak dit positief! Moenie met jou hande in jou hare sit en wag tot die storm verby is nie; tree op met jou oog op 'n goeie uitkoms. Laat die krisis vir jou werk. Onthou ook dat dinge waarskynlik nie weer dieselfde gaan wees nie. Groei bring verandering. Jy kom dalk agter jy het sterk punte waarvan jy nie geweet het nie. Nou kan jy dit in die toekoms beter inspan. Die krisis, wat dit ook al is, gaan jou 'n paar dinge oor jousef leer. As jy dit reg aanwend, gaan dit jou deur die krisis help.

'n Krisis toets jou, jou perke en jou uithou vermoë. Wat dit egter die meeste toets, is jou interne kompas – daardie kompas wat jou waardes en beginsels op koers hou. As jy weet wie jy is en waarheen jy gaan, sal geen krisis jou van koers af gooi nie. Jou vertroue in jousef sal die stuur wees. In 'n krisis leer jy dalk waartoe jy werklik in staat is en besef jy dat jy sterker is as wat jy gedink het.

(Uit: Finesse, Desember 2012)

Deel 3

- 30** Skryf 'n berig (in jou eie woorde) vir jou skoolkoerant en sê hoekom herwinning belangrik is. Die ligting wat onder voorsien is dien slegs as riglyn. Die berig moet nie langer as **150** woorde wees nie.

Herwinning (recycling)

Ons gooi elke dag rommel weg en baie daarvan beland op plekke waar dit gevare vir mense, diere en die omgewing kan inhou. Daarom moet ons begin herwin.

Herwinning is die proses wat gevolg word om materiaal af te breek en te hergebruik wat andersins weggegooi sou word. Afvalmateriaal word omskep in bruikbare produkte. Herwinning verminder ook die verbruik van vars grondstowwe, energieverbruik, lugbesoedeling en waterbesoedeling deurdat ons gebruik maak van beter maniere om van ons vullis ontslae te raak.

Hoekom is dit belangrik

Water- en lugbesoedeling kan grootliks verminder word as ons herwin. Dit maak dan die omgewing veiliger en gesonder vir mense en diere.

Dit verminder die hoeveelheid energie wat daaglik gebruik word omdat nuwe materiaal nie vervaardig word nie.

Behoorlike herwinningsprogramme kos die regering, belastingbetalers en sakeondernemings minder geld as afvalprogramme.

Het jy geweet

Papier word van bome gemaak. As elke Namibiër net een dag per week hul koerant herwin, sal ons sowat 10 miljoen bome per jaar kan red.

Die herwinning van een aluminiumblik, kan genoeg energie bespaar om 'n gloeilamp van 100 watt vir 20 ure te brand en voorsien krag aan 'n rekenaar vir 3 ure en 'n TV vir 2 ure.

Onwettige storting

Rommel word deur munisipaliteite verwyder en daar is ook wettige stortingsterreine vir vullis. Onwettige storting is wanneer mense of besighede hul vullis soos ou elektriese toestelle, meubels, algemene huishoudelike, kommersiële en industriële afval op plekke anders as die beskikbare stortingsterreine weggooi.

Dromme vir herwinning

Groen vir papier. Gewone wit papier, tydskrifte, koerante en karton.

Rooi vir Tetra- pakprodukte soos melkhouers wat lyk asof dit papier is, maar met aluminium-foelie en plastiek bedek is.

Geel vir plastiek. Plastiekbottels, roomysbakke en selfs cling wrap.

Blou vir blikkies: Koeldrank of kosblikkies (selfs geroes), deksels van glasflessies en foelie.

Swart/Vaal vir glas: Glasbottels en -flessies kan herwin word, maar drinkglase, keramiek (borde) en gloeilampe kan nie herwin word nie.

(Uit: Kuier, April 2018)

